**Hy vir wie God gestuur het, spreek die woorde van God**

**Joh 3:22-36**

**9 Maart 2025**

1. Vantevore: God se liefde het Hom gedring om Sy Seun mens te laat word. Sy doel was om verlossing te bewerk vir die gelowiges, nie om die wêreld te veroordeel nie. Ongelowiges vlug weg van die lig, gelowiges kom na die lig – sodat die werk van God in hulle bekend kan word.
2. Hy moet meer word, en ek minder (Joh 3:22-30)
    a. "Hierna" – na die gesprek met Nikodemus (v22)
    b. Beide die Here Jesus en Johannes doop volgelinge in dieselfde omgewing (v23)
    c. Vind steeds plaas aan die begin van Jesus se openbare optrede (v24, vgl Mark 1:14)
    d. Woordestryd lei tot bekommernis by Johannes se dissipels oor:
        - Watter reinigingsgebruik is reg: OT gebruike, Johannes se doop of Jesus se doop?
        - Jesus se steun groei – ten koste van hulle steun
    e. Johannes se antwoord (v27-30):
        - Johannes se rol = om weg te berei; Jesus se rol = Christus (vgl Joh 1:19ev, 1:29)
        - Johannes se rol = vriend van Bruidegom; Jesus se rol = Bruidegom
        - Dus: die Here Jesus moet meer word, en Johannes die Doper minder
    f. Implikasies vir ons:
        - Ons rol is ook ondersteunend tot Jesus se rol – wat die belangrikste is
        - Johannes het direk na Jesus gewys as die Een wat reiniging bewerk – ons moet ook "major on major things"
3. Hy vir wie God gestuur het, spreek die woorde van God (Joh 3:31-36)
    a. Een van bo (v31-32)
        - Van bo = uit die hemel = bo almal (ook bo die een uit die aarde)
        - Die Here Jesus
        - Praat oor hemelse dinge – wat Hy daar gesien en gehoor het
    b. Een uit aarde (v31-32)
        - Aarde = beperk ≠ wêreld (boos / sleg)
        - Johannes die Doper (en ook ander OT profete)
        - Praat uit die aarde = beperkte boodskap
    c. Om Jesus se getuienis te glo = om te erken dat God waaragtig is (v33-34)
        - Want Jesus spreek die woorde van God
        - Jesus het Heilige Gees in onbeperkte maat (vgl 2020 DAV, Joh 1:33)
        - Joh 1:18, 5:19-20, 6:38, 8:29, 1:14, Heb 1:1-3
    d. As iemand nie Jesus se getuienis glo nie – toorn van God bly op hom (v36)
4. Hoe ons die Johannes-evangelie behoort te lees
    a. Baie herhaling - baie temas in Joh 3:22-36 het al vroeër voorgekom
    b. Mark Johnston: indrukwekkende simfonie deur meesterlike komponis wat die doel van die boek al meer uitlig (Joh 20:31)
    c. Te midde van herhaling is daar groei in die beskrywing van die Here Jesus
        - Nuut in Joh 3:22-26: Jesus maak die woorde van God aan ons bekend